6. MENSEREGTE : OORSIG EN UITSIG[1]

N.J.J. Olivier
Fakulteit Regte, PU vir CHO

ABSTRACT

In this paper an attempt is made to offer a survey of the present discussion of the issue of human rights. In the first place there is a reference to the traditional concepts of human rights, viz. the classic liberal, the Marxist-Leninist (Socialist) and the Third World theories and their (pre-War and post-War) concrete embodiments in international, regional and national contexts. Subsequently the initial negative approach of the institutionalized churches and their later change in attitude - with special reference to the fundamental shifts in approach - are investigated. The Calvinist view of human rights is discussed within the framework of the recent debate among Afrikaans academics and politicians. With reference to the viewpoints of Wiechers, Van Rooyen, Stoker, Jonker and Du Toit a version of views about the existence of a biblical framework for human rights is provided. The important publication of the Reformed Ecumenical Synod about the Scriptural grounding as well as its embodiment in a number of concrete human rights is discussed. Finally, some outlines are provided for a further development of the Scripturally founded view of human rights with reference to the Reformational ground rule of Reformata semper reformanda est.

- Ons wil vry mense hê, nie goedgevoede slawe nie

---

1 H.L. Swanepoellesing gelewer voor die Fakulteit Regte, PU vir CHO, op 1984-10-16



Koers 51(4) 1986
ISSN 0023-270X

• Vry mense kan honger ly

(Uitlatings tydens die debat oor die Universele Deklarasie van Menseregte, 10 Desember 1948)

Human rights! New York is where you should look for violations. There, the people have to sleep on the sidewalks and sift through garbage cans.

(Andrei Gromyko, Time, 29 Mei 1984)

Polities gesproke is daar twee oorwegings (teen 'n verklaring van menseregte). Eerstens is daar die humanistiese oorbeklemtoning van individuele regte vis-à-vis die owerheidsgesag, wat dikwels ondervind is, met daarteenoor die Afrikaner uit sy Calvinistiese agtergrond wat meer geneig is om die staatsorde en die handhawing daarvan te beklemtoon .....

(Mnr. H. J. Coetsee (Minister van Justisie) 1984. Waarom nie 'n verklaring van Menseregte nie? 1984: TRW, 5-13 6)

Die konsep van menseregte is 'n soort ideaal wat wil verwoord dat alle mense uiteindelik soos mense sal kan lewe. En watter Christen kan dáárteen wees?

(W.D. Jonker, 1984. Christelike geloof en Menseregte; D.A. du Toit, (red). 1984: Menseregte, 47-59 58)

## 1. TRADISIONELE MENSEREGTEOPVATTINGS EN DIE KONKRETE VERGESTALTING VAN MENSEREGTE

### 1.1 Klassiek-liberale menseregteopvattinge

#### 1.1.1 Die oorspronklike Humanisme

Daar word vandag algemeen aanvaar dat die hedendaagse Westerse leerstuk van menseregte sy oorsprong in John Locke se **Two Treatises** of Civil Government (1690) gevind het[2] . Locke se benadering dat die onderdaan sekere fundamentele aansprake teen bepaalde owerheidsoptredes het wat deur die howe beskerm moet word, moet teen dié agtergrond gesien word dat

---

[2] Sien hieroor byvoorbeeld Van der Vyver 1979:10-32 en De Villiers 1984:9-38 10 ev

Vergelyk verder vir 'n oorsig van die spektrum wat tydens die Sestiger- en die Sewentigerjare in die Afrikaanstalige literatuur rondom menseregte in Suid-Afrika voorgekom het: Stoker, 1965: 131; Sanders, 1971: 164; Venter, 1973: 69; asook Strauss, 1976: 165. Daar dien verder vermeld te word dat die Afrikaanstalige mensereggesprek in feite deur die doyen van Afrikaanse mensereggeleerdes, J. D. van der Vyver (voorheen van die PU vir CHO, tans van die Universiteit van die Witwatersrand) begin is, en wel met sy proefskrif, Die Juridiese Sin van die leerstuk van Menseregte (1973; Universiteit van Pretoria), en die standaardwerk oor menseregte, Die Beskerming van Menseregte in Suid-Afrika wat in 1975 verskyn het, wat later aangevul is deur sy 1976 Seven Lectures on Human Rights

- Locke se standpuntinname 'n reaksie teen die staatsabsolutisme van die Stuartmonargie (wat met die Glorious Revolution van 1688-1689 verwerp is) was;

- Locke - as kind van sy tyd - in sy teoretiese beredenering van die bestaan, omvang en beskerming van menseregte nou aansluit by die destydse liberaal-humanistiese geestestroming. Hierdie liberaal-humanistiese benadering was 'n uitvloeisel van 'n bepaalde natuurregsbeskouing wat in die tydperk van die Aufklärung (Verligting), met sy klem op die Rasionalisme, die individu voorop gestel het.

Die belangrikste sewentiende en agtiende eeuse menseregteoretici, Locke en Rousseau, gaan uit van die bestaan van 'n natuurstaat wat die huidige samelewing voorafgegaan het. Volgens Locke het dit in werklikheid bestaan; maar volgens Rousseau moet dit fiktief gekonstrueer word. Diè natuurstaat dien dan as verklaring waarom daar op 'n bepaalde wyse oorgegaan is na die burgerlike samelewing. Volgens Locke is daar 'n eerste verdrag tussen die gemeenskapslede onderling gesluit (die pactum unionis) insake die daarstelling van 'n staatlike gemeenskap, en daarna is 'n tweede verdrag (die sogenaamde sosiale kontrak) met 'n bepaalde instansie of persoon aangegaan waarkragtens owerheidsgesag dan aan hom oorgedra is. Sou diè orgaan egter nie sy verpligtinge (waaronder die eerbiediging van die basiese regte van die onderdaan) nakom nie, kon die onderdane dan eensydig die kontrak beëindig en 'n nuwe gesagsfiguur aanwys (en met hom 'n nuwe sosiale kontrak aangaan).

Tekortkominge van hierdie benadering was:[3]

- die idee van 'n aprioriese natuurstaat

- die verklaringsmodel van die sosiale kontrak

---

[3] Vergelyk onder andere Van der Vyver, 1975: 7-8

- Subjektivisme wat as uitvloeisel van die Humanisme daartoe lei dat daar geen - absolute - prinsipiële maatstawwe vir die oplossing van individuele belangebotsings bestaan nie.

1.1.2 Die nuwe Humanisme[4]

Tydens die opkoms en die hoogbloei van die Positivisme - wat die uitsluitlike bestaan van die sigbaar waarneembare realiteit in sy verskillende geledinge as enigste primaat (en dus enigste voorwerp van wetenskaplike ondersoek) stel, en gevolglik die nie-waarneembare na die vlak van die metafisika verdoem - het daar 'n sterk afkeer van die bestaan van menseregte (wat onder andere vaag en dus onwaarneembaar sou wees) ingetree. Verteenwoordigers van hierdie nuwe benadering was onder meer Comte, Bentham en Austin (Van der Vyver, 1975:8-9). Met die toenemende klem op staatsabsolutisme (wat weer in besonder uit die benadering van invloedryke denkers soos David Hume gespruit het) met as uitloper in 'n demokratiese bestel wetgewende absolutisme of - soos dit meestal bekend staan - wetgewende soewereiniteit, het hierdie anti-menseregtebenadering in 'n sekere sin die oorwegende houding in 'n hele aantal state - waaronder ook Suid-Afrika - begin word. Hierdie benadering het dan ook (nog steeds) sy noodwendige uitlopers in die geskrifte van sowel Afrikaanse as Engelssprekende juriste asook in politieke en hofuitsprake.

'n Tweede verskyningsvorm van die nuwe Humanisme het egter die klassiek-liberale tradisie van die bestaan van onvervreembare regte voortgesit, met dié belangrike verskil dat ingesien is dat die sogenaamde onvervreembare regte nie absoluut kan bestaan nie, en dat dit aan die hand van 'n belangeafweging tussen die aansprake van die owerheid en die onderdaan beperk moes word. Gustav Radbruch as vernaamste

---

[4] Sien hieroor onder andere Van der Vyver, 1975 :8-9; idem, 1979 : 13; De Villiers, 1984:22 ev.

eksponent van hierdie nuwe relativistiese benadering - wat die bestaan van 'n absolute Natuurreg ontken - huldig die standpunt dat menseregte deur die staatlike owerheid aan die hand van sy subjektiewe siening van die geldende feitlike omstandighede - die Natur der Sache - beperk kan word (Van der Vyver, 1975:9-10). Dié benadering het die gevolg dat menseregte nêrens dieselfde inhoud het nie, nêrens op dieselfde wyse beskerm word nie, en in 'n sekere sin weens sy relativisme onderworpe is aan die gegewe van wetgewende soewereiniteit.

1.1.3 Vaslegging van menseregte binne die Humanistiese menseregteteorie (Van der Vyver, 1975:9-10)

Volgens die gangbare opvatting het die klassieke Humanistiese beskouings in alle Westerse menseregteoptekeninge tot net na die Tweede Wêreldoorlog neerslag gevind. In hierdie optekeninge staan die vraag oor die grense van owerheidsgesag en dus veral van die begrensing van die regeringsmag voorop, en vertoon menseregte as vernaamste kenmerk die - negatiewe - afskansing van owerheidsoptrede in die private sfeer (De Villiers, 1984:25).

Die vernaamste optekeninge in hierdie verband was ten aansien van Engeland (Van der Vyver, 1975:20-21)

- die Magna Charta van 1215
- die Petition of Right van 1627
- die Bill of Rights van 1688;

ten aansien van die VSA

- die Virginia Declaration of Rights van 1776
- die Amerikaanse Declaration of Independence van 1776

* die Bill of Rights van 1791;

en ten aansien van Frankryk

* die Verklaring van die Regte van die Mens en van die Burger (Dèclaration des Droits de l'Homme et du Citoyen) van 1789 wat herbevestig is in die Franse Grondwet van 1946 en 1958.

Die Universele Deklarasie van Menseregte is in 1948 deur die VVO aanvaar[5] . Hierdie opgawe van menseregte is slegs menseregtebevorderend van aard, aangesien daar nie voorsiening vir direkte beskermingsmaatreëls gemaak is nie. Tot op datum het alle lidstate buiten die USSR en die RSA die Deklarasie onderteken.

As vernaamste voorbeeld van die nuwere Humanisme met sy klem op die relativistiese benadering tot die beskerming van menseregte, kan na die Wes-Duitse Grondwet (das Grundgesetz für die Bundesrepublik Deutschland) van 1949 verwys word[6] . Die konstitusie verwys enersyds na 'n aantal onskendbare en onvervreembare grondregte (unverletzlichen und unveräusserlichen Menschenrechte) maar gee andersyds 'n nie-vae omvattende omskrywing van beperkings op hierdie basiese grondregte wat volgens artikel 19(2) egter nie in hul wesenlike kern (in seinem Wesensgehalt) aangetas mag word nie. Dié grondregte vertoon ook die sogenaamde Drittwerkung wat tot inhoud het dat dit ook op privaatregtelike gebied werking het.

Die Kanadese Human Rights Act van 1977 het die 1960-Bill of Rights (wat nog binne die klassiek-liberale menseregtetradisie gestaan het en die verskillende substansiële en prosessuele menseregte vermeld het sonder om enigsins na beperkings op hierdie regte te verwys (Van der Vyver,

---

[5] Sien hieroor Van der Vyver, 1975:35-37.

[6] Vergelyk hieroor onder andere Van der Vyver, 1975:28.

1975:25-26) herroep. Ook Nederland het in 1983 'n menseregteakte aanvaar.

## 1.2 Marxisties-Leninistiese (sosialistiese) menseregteorieë[7]

Weens die feit dat die individualistiese menseregteorie nie daarin kon slaag om sosiale misstande uit te wis nie, en verder ook ten gevolg gehad het dat die kapitalistiese teenstellings bestendig en selfs verskerp is, het Marxisties-Leninistiese skrywers skerp kritiek teen dié teorie ingebring. Karl Marx tipeer in sy **Zur Judenfrage** (1843) menseregte as regte van die egoïstiese mens wat hom volkome van sy medemens en die gemeenskap afskei. Dié regte stel hom naamlik in staat om hom tot nadeel van andere terug te trek in sy eie private sfeer en daar sy opgegaarde vermoëns te geniet en eiemagtig daaroor te beskik. Teenoor die egoïstiese vryheidsopvatting wat ten grondslag van die klassieke menseregtedenke lê, stel Marx dat die ware vryheid van die mens alleen in betrokkenheid op die gemeenskap verwesenlik kan word (De Villiers, 1984:23).

Dit beteken egter nie dat menseregte verwerp moet word nie; inteendeel, die gelykheidsidee moet volgens Engels werklik op die gebied van die staat, die ekonomie en die maatskaplike gebied deurgevoer word. De Villiers vermeld dat reeds by die Eerste Kommunistiese Internasionale van 1864 daar sterk standpunt ten gunste van hierdie - nuwe - menseregtebeskouing ingeneem is (De Villiers, 1984:24).

Hierdie benadering het dan ook neerslag in die grondwette van die sosialistiese lande gevind. Uitgaande van die primaat dat slegs daardie regte erken moet word wat in lyn is met die noodwendige eindfase van die huidige sosialistiese bedeling - die kommunistiese fase waarin alle

---

[7] Vergelyk hieroor onder andere De Villiers, 1984: 22-24.

sosiale en groepsverskille opgehef is - maak dié konstitusies 'n onderskeid tussen:

- die primêre sosiale regte soos die reg op arbeid en die reg op onderwys wat daarop gemik is om die individu by die gemeenskap in te skakel; en

- die sekondêre klassieke menseregte wat slegs uitgeoefen kan word in dié mate wat hulle nie strydig met die gemeenskapsbelang is nie.

### 1.2.1 Derde Wêreld-menseregteteorieë*

Die benadering wat in heelwat Derde Wêreldlande bestaan, is gebaseer op 'n sterk anti-kolonialistiese uitgangspunt. Die vernaamste regte wat hiervolgens erkenning verdien, is enersyds die sogenaamde sosiale regte en andersyds (weens die koloniale oorheersing) die reg op selfbeskikking. Hoewel hierdie teorie oënskynlik analoog aan die sosialistiese benadering is, is daar tog dié fundamentele verskil dat menseregte ingespan moet word om die nadelige gevolge van die koloniale tydperk nie net op te hef nie, maar ook om te keer. Die uitvloeisel hiervan is dat sodanige sosiale regte en die reg op selfbeskikking nie net binne die grense van 'n bepaalde staat erken moet word nie, maar ook op internasionale vlak gelding behoort te geniet. Hiervolgens moet ook onder andere die internasionale ekonomiese orde radikaal herorden word, die Volkereg by die eise van die na-koloniale tydperk aangepas word en by internasionale persvryheid die dimensie van 'n New World Information Order oorheersend word. Dit moet egter beklemtoon word dat relativisme in die sin van die primaat van die staatlike beleidsbelang ook hier hoogty vier.

---

* Vergelyk hieroor onder andere De Villiers, 1984: 25.

## 1.4 Na-oorlogse internasionale menseregteaktes

### 1.4.1 Die Verenigde Volkere

Die Handves van die VVO stel in artikel 55 dit as doel dat die VVO

> universal respect for, and observance of, human rights and fundamental freedoms for all without distinction as to race, sex, language or religion

sal bevorder. Artikel 56 van die Handves bepaal dat die ondertekenaars onderneem

> to take joint and seperate actions in co-operation with the organization for the achievement of the purpose set forth in article 55.

Hoewel algemeen aanvaar word dat dié internasionale dokument nie dwingende krag besit nie (onder andere weens die afwesigheid van 'n effektiewe afdwingings- en kontroleliggaam), word dit wel beskou as 'n instrument wat vir die bevordering (in teenstelling tot die beskerming) van menseregte voorsiening maak (en gevolglik dus slegs oor morele oorredingskrag beskik).[9]

Aangesien daar nie by die stigting van die VVO op die instelling van 'n menseregteakte ooreengekom kon word nie,[10] is 'n Menseregtekommissie aangestel om

[9] Vergelyk Van der Vyver, 1976: 127-128.

[10] Vergelyk De Villiers, 1984:27 vir 'n bespreking van die verdere verloop van aangeleenthede voortspruitend uit die aanvaarding van die Handves.

- 'n universele verklaring van menseregte te formuleer;
- 'n internasionale verdrag vir die volkeregtelike erkenning van menseregte op te stel; en om
- 'n verdrag vir die daadwerklike erkenning en beskerming van menseregte op te stel.

Die Universele Deklarasie van Menseregte (Universal Declaration of Human Rights) is in 1948 deur die destydse lidstate van die VVO (tans met die uitsondering van die USSR en Suid-Afrika) aanvaar (Van der Vyver, 1975:35-37). Artikel 2 van die Universele Deklarasie van Menseregte bevat die gelykheidsbeginsel:

> Everyone is entitled to all the rights and freedoms set forth in this Declaration, without distinction of any kind, such as race, colour, sex, language, religion, political or other opinion, national or social origion, property, birth or other status. Furthermore, no distinction shall be made on the basis of the political, jurisdictional or international status of the country or territory to which a person belongs, whether it be independent, trust, non-self-governing or under any other limitation of sovereignty.

Die Universele Deklarasie bevat 'n opgawe van sowel die klassiek-liberale menseregte (artikel 3-21) as van die sosiale regte (byvoorbeeld op sosiale sekuriteit, loon, arbeid en ontspanning - artikel 22-27). Dit vorm dus die eerste werklike menseregtedokument waarin sowel die Westerse as die sosialistiese menseregtebeskouinge verwoord is (De Villiers, 1984:19).

Die bepalings vervat in die Universele Deklarasie word egter ook weens die afwesigheid van 'n afdwingings- en kontroleliggaam as nie-bindend (en dus slegs as menseregbevorderend) beskou (Van der Vyver, 1976:138).

Ten aansien van die tweede opdrag (die opstel van volkeregtelike verdrae) het die VVO eers in 1966 twee konvensies goedgekeur:

- die Internasionale Konvensie oor Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte omvat die tipies sosiale menseregte wat in die Sosialistiese en Derdewêreld menseregbeskouing voorop staan

- die Internasionale Konvensie oor Burgerlike en Politieke Regte wat weer op die klassiek-liberale Westerse menseregtradisie gegrond is.

Aangesien daar eers in 1976 voldoen is aan die minimumvereiste van 35 deelnemende lidstate, het die twee verdrae toe eers in werking getree.

Dit dien beklemtoon te word dat die tipies Derdewêreld mensereg - die selfbeskikkingsreg van nasionale eenhede - in beide hierdie konvensies opgeneem is. Dit het daartoe gelei dat daar nog geen wesenlike vordering met die derde opdrag van die Menseregtekommissie - die daarstelling van 'n verdrag met die oog op effektiewe afdwinging van menseregte - gemaak kon word nie.

### 1.4.2 Internasionale Streekorganisasies

#### 1.4.2.1 Die Arabiese Bond

Sover vasgestel kan word, het die Arabiese Bond nog geen bindende besluite met betrekking tot die beskerming van menseregte geneem nie. Die Arabiese Kommissie vir Menseregte wat in 1968 aangestel is, het slegs die bevordering van menseregte (in teenstelling tot die afdwinging daarvan) as doelstelling (Van der Vyver, 1976:150).

#### 1.4.2.2 Die Organisasie vir Amerikaanse State

In 1948 is die nie-bindende Amerikaanse Deklarasie van die Regte en Verpligtinge van die Mens te Bogota, Columbia, aanvaar. In 1959 is 'n

Inter-Amerikaanse Kommissie vir Menseregte aangestel, en op 22 November 1969 is die Amerikaanse Konvensie van Menseregte deur twaalf Amerikaanse state onderteken. Aangesien die Konvensie nog nie deur genoeg state geratifiseer is nie, beskik dit oor geen bindende krag nie (Van der Vyver, 1976:151-152).

### 1.4.2.3 Die Organisasie vir Afrika-Eenheid

Die Organisasie vir Afrika-Eenheid het in 1961 tydens sy Lagos-konferensie die beginsel van die eerbiediging van Menseregte aanvaar. Sy Grondwet (van 1963) bevat geen uitdruklike bepalings met betrekking tot menseregte nie. Daar word egter wel in diGrondwet verwys na die Handves van die VVO en die Universele Deklarasie van Menseregte. Van der Vyver konkludeer hieruit dat die OAE dus ook die bevordering van menseregte ten doel stel (Van der Vyver, 1976:150). 'n Human Rights Commission is onlangs as orgaan van die OAE aangestel.

### 1.4.2.4 Die Europese Gemeenskap

Die Europese Konvensie vir Menseregte van 1953 omvat bepalings waarkragtens bepaalde menseregte erken word asook 'n geïnstitusionaliseerde stelsel waarvolgens sodanige regte beskerm en afgedwing kan word (Van der Vyver, 1976:152-154). In sy aanhef erken dit daardie fundamentele vryhede wat die grondslag van geregtigheid en vrede vorm. Dit beoog verder

> to take the first steps for the collective enforcement of certain of the Rights stated in the Universal Declaration (of Human Rights). (Vergelyk Van der Vyver, 1975:37)

In teenstelling tot die Universele Deklarasie van Menseregte se vae en ongekwalifiseerde terminologie vermeld die Europese Konvensie vir

Menseregte van 1950 by die verskillende regte en vryhede asook die besondere grense en beperkinge van sodanige regte en vryhede.[11]

Afdeling 1 van die Europese Konvensie bevat 'n inventaris van menseregte. Dit is in 1954 met 'n eerste protokol en in 1968 met 'n vierde protokol aangevul.

Die bogenoemde regte kan (soos Van der Vyver aantoon) deur regsvoorskrifte beperk word waar dit in 'n demokratiese samelewing noodsaaklik is (Van der Vyver, 1975:40-41):

> in the interest of national security and of public safety, for the maintenance of 'ordre public', for the prevention of crime, for the protection of the rights and freedoms of others".[12]

## 1.5 Voorlopige samevatting

Hoewel die individualistiese klassiek-liberale menseregteopvatting in verskeie ouer staatlike menseregteaktes vervat is, is daar in meer onlangse staatlike dokumente duidelik sprake van 'n kentering in die rigting van gekwalifiseerde beskerming, en veral aan die hand van die openbare belang.

In Tweede en Derde Wêreldkonstitusies val die klem op die sogenaamde sosiale regte (wat 'n invloed op die politieke, ekonomiese, kulturele en sosiale gemeenskapslewe uitoefen) en op die reg van selfbeskikking.

---

[11] Vergelyk Van der Vyver, 1975:37-41; Idem, 1976:152 153; Ermacora, 1979: 236-247.

[12] Artikel 2.3 soos aangehaal deur Van der Vyver, 1975: 40.

In onlangse streeks- en internasionale verdrae vind sowel die nuwere Westerse, die Sosialistiese en die Derdewêreldbenadering neerslag.

Effektiewe beskermingsmeganismes is egter - buiten in 'n beperkte aantal Westerse state - afwesig.

## 2. DIE KERK EN MENSEREGTE

### 2.1 Invloed van die Christelike godsdiens op die erkenning van menseregte

De Villiers toon aan dat Christelike beskouings op ten minste drie vlakke 'n medebepalende rol in die historiese verloop van die erkenning van menseregte gespeel het (De Villiers, 1984:12-14):

- eerstens, die aandeel van bepaalde basiese Christelike geloofsoortuiginge. In geskrifte reeds voor die daarstelling van die eerste menseregteaktes word daar 'n beroep gedoen op die siening dat die mens na die beeld van God geskape is - en waarin dus die besondere en gelyke waardigheid van alle mense voor God opgesluit is.

- tweedens, die begrippe gelykheid, vryheid en broederskap het reeds lank voor die Franse Revolusie in die Christelike godsdiens gefigureer. Hoewel dit aanvanklik 'n beperkte aanwending gehad het (bv. die broederskap van die gelowiges), het dit reeds kort na die aanvang van die Hervorming 'n verruiming na die politieke vlak begin verkry. Nieteenstaande Luther se teenkanting hierteen (vanweë sy tweeterreineleer), het dit een van die grondmotiewe van die Metodisme en Puritanisme geword, en dit het op sy beurt weer neerslag in die Amerikaanse menseregteaktes gevind.

- derdens, die stryd om godsdiensvryheid wat dateer sedert Luther se afwysing van staatsgesag oor die individuele gewete soos vermeld in sy Oor die Wêreldlike Owerheid van 1523.

2.2 Die geïnstitusionaliseerde Kerk se reaksie op die bestaan en erkenning van Menseregte (Vergelyk hieroor De Villiers, 1984:20-22; 30-34).

2.2.1 Aanvanklike teenkanting

Daar bestaan verskeie redes waarom die verskillende kerke aanvanklik en ook later sterk standpunt teen die konsep van menseregte ingeneem het:

(a) die Franse Revolusie was onder andere teen die posisie van die Rooms-Katolieke Kerk gemik. De Villiers verklaar dat "... ook ander staatskerke in Europa ... het die menseregte gevolglik as 'n onlosmaaklike deel van 'n totale revolusionêre aanslag teen die bestaande politieke en kerklike orde beskou." (De Villiers, 1984:21)

(b) prinsipiële besware teen die leerstuk, en veral weens

- die rasionalistiese mensbeeld, met sy vooropstelling van

- die outonomie van die mens (teenoor die Christelike standpunt dat die mens vanweë die geloofsverhouding ook in 'n bepaalde betrokkenheid met sy medemens verkeer), en

- die geloof in die basiese goedheid van die mensheid

wat in die tradisionele menseregteteorie opgesluit sou wees (De Villiers, 1984:21-22).

### 2.2.2 Latere standpuntwysiging

#### 2.2.2.1 Die Rooms-Katolieke Kerk

Hoewel menswaardigheid en die sosiale arbeidsregte reeds teen die eeuwisseling deur die Rooms-Katolieke Kerk beklemtoon is, is die beginsel van die bestaan van menseregte eers expressis verbis in Johannes XXIII se pouslike ensikliek Pacem in terris erken. Die erkenning vind ook neerslag in 'n opgawe van fundamentele regte binne die raamwerk van die gelykwaardigheid van alle mense. Hierdie menswaardigheid waaroor die mens van nature beskik, vind uiting in menseregte waarvan die praktiese neerslag tyds- en pleksgewys afhanklik van die bepaalde sosiale konteks mag wissel. Volgens die 1974 Biskoppesinode word gestalte aan hierdie natuurlike menswaardigheid binne 'n raamwerk van vyf basiese menseregte gegee:

- die reg op godsdiensvryheid as mees basiese reg
- die reg op lewe
- die reg op voeding
- die sosio-ekonomiese regte
- die politieke en kulturele regte (De Villiers, 1984:32).

#### 2.2.2.2 Die Protestantse kerke

Hoewel daar ook in Protestantse kring vòòr die Tweede Wêreldoorlog sprake van 'n herbesinning was, staan die eerste 15 jaar na 1945 in die dampkring van 'n Protestantse reaksie teen die ontkenning van menswaardigheid gedurende die Nasionaal-Sosialistiese tydperk. Daarom is juis die klassieke Westerse menseregte beklemtoon.

De Villiers toon aan dat daar sedert 1960 egter sprake van twee grondliggende verskuiwings was (De Villiers, 1984:33-34):

- die invloed van die kerk in die nou na-koloniale gebiede met as uitgangspunte bevryding en die uitskakeling van diskriminasie en uitbuiting, en

- die groter klem op die sosiale menseregte en die gevolglike aanvaarding van die uitgangspunt dat die klassieke Westerse menseregte eers kan gedy as sosiale agterstande opgehef is (WRK - Uppsala 1968).

In 1974 het die Wêreldraad van Kerke gepoog om 'n geïntegreerde samevatting van die twee soorte menseregte te gee. Ses katogorieë menseregte is geabstraheer:

- die reg op lewe

- die reg op kulturele identiteit

- die reg op deelname aan die besluitnemingsproses

- die reg tot verskil

- die reg op persoonlike waardigheid

- die reg op godsdiensvryheid (De Villiers, 1984:34-35).

Geen van die Wereldraad van Kerke-dokumente poog egter om 'n teologiese beredenering van die grondslag van menseregte te bied nie.

Die Gereformeerde Wêreldbond daarenteen aanvaar as grondslag die reg van God op die mens en die verbond wat Hy met die mens gesluit het (De Villiers, 1984:35). Die Lutherse Wêreldbond gaan egter van die Twee Rykeleer van Luther uit en vind die grondslag in die Skepping van God (De Villiers, 1984:35).

## 2.3 Die Calvinisme en menseregte[13]

### 2.3.1 Calvinistiese menseregteoretici

Reeds die belangrikste Calvinistiese eksponent van ons tyd, Herman Dooyeweerd, aanvaar in sy Roots of Western Culture die bestaan van menseregte wat syns insiens reeds in die Romeinse reg, en veral in die Romeinse privaatreg, werking geniet het (Dooyeweerd, 1979: 25-27). In sy Calvinisme en Natuurrecht[14] onderskei hy tussen

- universele primêre regsbeginsels (wat gelyk is aan die struktuurwet van die reg) en
- normatiewe politiese regsbeginsels wat qua regsidee 'n Sollensprinzip van die positiewe reg behoort te wees.

J H van Eikema Hommes[15] maak onder andere 'n onderskeid tussen

- **konstitutiewe regsbeginsels** (wat funderend vir staatlike reg is)
- **regulatiewe regsbeginsels** (wat qua regsidee normatief vir die positiewe reg behoort te wees)

[13] Vergelyk hieroor in die besonder die bespreking van Van der Vyver, 1975: 13-16.

[14] Vergelyk hieroor Van der Vyver, 1975: 13.

[15] Hommes 1972 Vergelyk Van der Vyver, 1975: 13-14 vir 'n bespreking van Hommes se standpunte.

In sy kategorie moderne vryheidsbeginselen wat as gegewe in die staatlike struktuur ook as Sollensprinzip behoort te funksioneer, onderskei hy tussen

- private menseregte
- publieke burgerregte
- grondregte in klassieke sin

Die Potchefstroomse filosoof H. G. Stoker erken die bestaan van die sogenaamde ontiese reg waarvan die raamwerk kenteoreties deur die wegdink van die sonde bepaalbaar is.[16] Sodoende kry die ontiese reg die betekenis van ampsbediening. Gevolglik word ontiese menseregte begrond met 'n beroep op

> die aanspraak van die mens om sy deur God opgelegde roeping te vervul en daardeur sy bestemming as mens te verwesenlik

(Van der Vyver, 1975:15).

Johan van der Vyver beklemtoon die bestaan van onveranderlike struktuurbeginsels (wat God in die skepping as menseregte saam met ander regsbeginsels voorsien het) waaraan die regspositiviserende orgaan gebonde is. Hy ontken die bestaan van absolute menseregte, maar dui aan dat daar

> by die positivering van menseregte speelruimte vir variabiliteit bestaan (Van der Vyver, 1975:17).

---

[16] Sien onder andere Stoker 1970 en 1967: 83-111. Vergelyk verder vir 'n samevatting van sy standpunt Van der Vyver, 1975:15.

2.3.2 Calvinisme en die staat[17]

Hoewel die Calvinistiese staatsbeskouing nie die onderwerp van hierdie referaat vorm nie, dien tog daarna verwys te word in die lig van die afwysende houding teenoor menseregte wat meestal met 'n beroep op 'n vervreemde Calvinistiese voorkeur vir staatsoppergesag - in die vorm van staatsabsolutisme- gemotiveer word (Coetsee, 1984: 6).

Van der Vyver toon aan dat Calvyn self van die standpunt uitgegaan het dat geregtigheid 'n wesensbestanddeel van wettige regering is (Van der Vyver, 1985:1). Positiewe reg wat nie aan die geregtigheidseis voldoen nie, is in feite nie werklik reg nie.

Lourens du Plessis beklemtoon in sy proefskrif Die Juridiese Relevansie van Christelike Geregtigheid die eie aard van die staat as geregtigheidsinstelling wat enersyds die onderdaan tot onderwerping verplig, maar andersyds die staatsgesag funksioneel begrens (Du Plessis, 1979: 348).

'n Relatief moderne ontwikkeling in die Calvinistiese staatsfilosofie is die beginsel van soewereiniteit in eie kring wat deur Johannes Althusius ingelei is. Dit is veral deur Groen van Prinsterer uitgebou en het uiteindelik deur die werksaamhede van die belangrikste Calvinistiese wysgeer van die vroeg-twintigste eeu, Dooyeweerd, in 'n uitgebreide leerstuk die basis van die moderne Calvinistiese staatsbeskouing geword.[18]

---

[17] Vergelyk hieroor byvoorbeeld Van der Walt, 1983 literatuur daar vermeld asook Dooyeweerd, 1975

[18] Vergelyk Van der Vyver, 1985:1 vir 'n bondige oorsig van hierdie ontwikkeling.

Selfs 'n post-Dooyeweerdiaan soos die Bloemfonteinse D. F. M. Strauss fundeer sy kritiek op menseregte op die beweerde humanistiese begronding daarvan, en stel homself op die standpunt dat

> die erkenning van die skeppingsbeginsel van soewereiniteit in eie kring is .... van deurslaggewende betekenis vir die teoretiese fundering van 'n regstaatopvatting waarin die fundamentele regte van die burger gewaarborg en beskerm word. 'n Verantwoorde regstaatopvatting moet nie slegs rekenskap gee van die publiekregtelike burgervryhede van die staatsburgers nie, maar ook die nie-burgerlike privaatreg wat in velerlei nie-juridies-gestempelde gestaltes in 'n samelewing na vore tree.[19]

## 3. NUWE GELUIDE IN DIE DISKUSSIE OM MENSEREGTE

### 3.1 Akademici

J. A. Robinson het in sy Desember 1984 **Woord en Daad**-artikel oor **Menseregte, Militêre Diensplig en Geloofsbeswaardes** 'n klip in die bos gegooi wat waarskynlik nog lank nie sy laaste weerklank laat hoor het nie.[20] Hy verwerp die

> ongenuanseerde menseregbeskouing (Robinson, 1984:210-213). 'n blote vergestalting van ongeïnhibeerde aansprake wat die individu teenoor die owerheid sou (wees) (Robinson, 1984:213).

---

[19] Strauss, 1976:169; vergelyk ook Van der Vyver, 1985: 1 hieroor.

[20] Robinson, 1983: 12-13 is later in gewysigde vorm as Robinson 1984:210-212 gepubliseer.

Johan van der Vyver het hierop in 'n artikel **Menseregte in Perspektief** - wat in die Maart 1984 **Woord en Daad** verskyn het, reageer (Van der Vyver, 1984:12-13). Hy meen daar moet 'n onderskeid tussen

- die dogmatiese teorieë rondom natuurlike regte

  en

- die staatsregtelike konsepsie van menseregteaktes

gemaak word. Na sy mening dien onder andere menseregte as heilsame beperkingsmeganisme op die staatsowerheidsgesagsuitoefening:

> Die doel van 'n menseregteakte is om die magte van die staatsowerheid aan bande te lê en beskryf daarom die kompetensies en regte van staatsonderdane wat nie sonder meer deur wetgewing of deur administratiewe optrede van die uitvoerende gesag ingekort kan word nie. (Van der Vyver, 1984: 13)

Francois Venter antwoord in sy **Menseregteperspektief in perspektief** dat Van der Vyver onder andere

> die hart van die algemene (humanistiese) menseregteleer sy eie gemaak het. (1984:14)

en dat

> die individualisme en mensgerigtheid van sy standpunt wat Van der Vyver as Calvinisties aanbied, finaal ontbloot word in sy slotopmerkings (Venter, 1984:13).

Dit wil voorkom asof Venter van mening is dat daar radikaal oor onder meer die bestaan van menseregte herbesin moet word, en dat die nie-Skriftuurlike menseregteteorieë asook die praktiese vergestalting daarvan geen aanknopingspunt vir 'n Skrifgefundeerde benadering kan bied nie:

Die viriliteit van die radikale reformatoriese denke word misken as ons aanvaar dat leerstellinge uit Skrifvreemde strominge "gecalviniseer" word as ons 'n paar filosofiese begrippe gebruik om sulke leerstellinge te herverwoord (Venter, 1984:14).

### 3.2 Onlangse politieke uitsprake

In die Tweede Verslag van die Grondwetlike Komitee van die Presidentsraad insake die Aanpassing van Grondwetlike Strukture in Suid-Afrika word die vaslegging van menseregte in 'n menseregteakte afgewys en wel om die volgende redes:[21]

- historiese gronde, en in die besonder sou parlementêre soewereiniteit en die erkenning van menseregte dan onversoenbaar wees (Sien hieroor Van der Vyver, 1983: 68)

- politieke teenkanting, en wel weens

  die humanistiese oorbeklemtoning van individuele regte teenoor staatsgesag waar veral die Afrikaner met sy Calvinistiese agtergrond die hoofklem op die owerheid en die handhawing van die staatsorde sou plaas.

  die plurale samestelling van Suid-Afrika en die gevolglike opvatting dat 'n individu net in groepsverband gesien behoort te word.

[21] Tweede verslag van die Grondwetlike Komitee van die Presidentsraad oor die Aanpassing van Grondwetlike strukture in Suid-Afrika PR Verslag 4 van 1982. Kaapstad: Staatsdrukker.

die gebruik van menseregte as aanvalswapen teen Suid-Afrika deur die buiteland.

die ongelyke eise wat rondom die eerbiediging van menseregte van verskillende state gestel word

die relativisme wat opgesluit is in die feit dat die beskerming van menseregte tyd- en plekgebonde is

(Vergelyk Van der Vyver, 1983: 68 asook 1985:1).

Daar bestaan volgens die Grondwetlike Komitee van die Presidentsraad vier teoretiese alternatiewe vir die beskerming van menseregte in Suid-Afrika:

- 'n verwysing na bepaalde mense- en/of groepregte in die aanhef tot die Grondwet;
- die insluiting van 'n menseregte- of 'n groepregteverklaring in die Grondwet;
- die beskerming van bepaalde regte soos die bestaande taalregte in die Grondwet; en/of
- die jaloerse bewaking van regte soos neergelê in die gemenereg en/of die statutêre reg met betrekking tot sowel die materiële as die prosesreg.

In 'n belangwekkende lesing van die Minister van Justisie, Mnr H. J. Coetsee, *Waarom nie 'n Verklaring van menseregte nie* (Coetsee, 1984: 5-13) voer hy sewe redes aan waarom menseregte nie in 'n menseregteakte in Suid-Afrika beliggaam behoort te word nie:

1. daar bestaan nie 'n liggaam wat voldoening daaraan kan verseker nie; en die toetsingsreg mag nie aan die howe gegee word nie 1984:5-6

2. al die argumente wat deur die Presidentsraad se Grondwetlike Komitee gebruik is 1984:7

3. "die begrip menseregte het geen vaste inhoud of betekenis nie" 1984:7

4. "daar is geen numerus clauses van menseregte nie en die kategorisering daarvan is maar taamlik arbitrêr" 1984:8

5. regte wat vandag as basies beskou word, mag dalk in die toekoms anders beskou word -[22] met ander woorde die gewaande probleem van relativisme 1984:8-9

6. die probleme rondom die formulering van basiese menseregte, en veral van die beperking daarop 1984:9-10

7.

> Afgesien daarvan dat ... die basiese regte en vryhede van individue ingevolge die Suid-Afrikaanse (gemene) reg inherent en nie van 'n Handves van Regte afhanklik is nie, word daardie regte en vryhede ook jaloers in ons statutêre reg gehandhaaf ... (Daar) kan van ons reg gepraat word as 'n "uncodified Bill of Rights" ... 1984:12

en

> "grondliggend aan ons gemene reg is absolute vryheid, en daarna beperkings deur die reg daargestel vir die welsyn van die gemeenskap" 1984:12-13

Afgesien van wesenlike kritiek wat teen elkeen van bogenoemde stellings ingebring kan word, verdien twee aspekte kommentaar:

---

[22] Vergelyk die bespreking van Radbruch se standpunt hierbo (1.1.2)

- die siening dat die Calvinistiese staatsbeskouing kies vir die primaat van die handhawing van owerheidsgesag, is - soos aangedui - foutief; en

- die siening dat sowel die tans bestaande gemenereg as die statutêre reg menseregte beliggaam en waarborg, is onaanvaarbaar vir enigiemand (juris en nie-juris) wat bloot 'n inventaris van wetgewing maak wat sowel die begunstigende gemeneregtelike bepalings ingetrek het en self verdere beperkende maatreëls neergelê het.[23] Dié vèrgaande maatreëls het enersyds die gelykheidsbeginsel tot 'n klug gemaak en andersyds die gewaande "grondliggende absolute vryheid" (in die woorde van Minister Coetsee) tot die mite wat dit tans is, ontbloot.

Daarenteen was daar onlangs twee belangwekkende politieke uitsprake wat daarop dui dat daar ten minste in sommige politieke kringe tog 'n bepaalde sensitiwiteit vir die miskenning van menseregte in Suid-Afrika bestaan, naamlik

- die voordrag van Dr. I. M. Rautenbach tydens die simposium van die Instituut vir Politieke en Afrikastudies (Augustus 1984) waar hy aangekondig het dat dit die ernstige bedoeling van die Regering is dat alle bevolkingsgroepe gelykberegtig behoort te word

- die presidensiële rede van die Staatspresident (September 1984) waarin hy onder andere die nalewing van bepaalde Westerse waardes as rigsnoer vir die nuwe staatlike bestel verklaar het.

---

[23] Soos byvoorbeeld die verbod op openbare en/of sosiale byeenkomste wat kragtens die Wet op Openbare Veiligheid 74 van 1982 afgekondig mag word.

## 4. NUWE AKSENTE VIR DIE CALVINISTIESE MENSEREGTETEORIE[24]

In sy Towards a Biblical view of human rights gee Wiechers (1981:44-45) as antwoord op die vraag

> How is the universality claimed for human rights related to the universality of God's saving works in Christ

'n weergawe van vyf moontlike modelle vir die interpretasie van menseregte:

- Die universaliteit van die evangelie en dié van menseregte word deur die beklemtoning van die soewereiniteit van God in 'n oorsaaklike verhouding tot mekaar geplaas. Dit bied egter nog geen verklaring vir die verhouding tussen 'n teologiese fundering en die werklike historiese ontwikkeling van menseregte nie.

- Menseregte het 'n gesamentlike dubbele oorsprong in die menslike waardigheid wat èn deur die menslike rede kenbaar is èn voortvloei uit die feit dat mens na die beeld van God geskep is. Hierdie benadering is kennelik dualisties van aard en bied geen oplossing vir die vraag hoe natuurreg en openbaring versoen kan word nie.

- Menseregte is bloot die uitdrukking van 'n "natuurlike" etos wat nie as 'n verwesenliking van Christelike etiese norme beskou kan word nie. Hierdie standpunt poog dus glad nie om 'n band tussen die universaliteit van die evangelie en dié van menseregte te lê nie en blyk gevolglik bloot 'n voortsetting van die humanistiese natuurreggedagte te wees.

---

[24] Hierdie gedeelte is woordelik oorgeneem uit Olivier "Inperkingsbevele" 1981:284-286.

- Die ooreenkomste tussen die vryheid voortvloeiend uit die funksionering van menseregte en die Christelike vryheid wat uit Gods genade afkomstig is (en gevolglik onvoorwaardelik, absoluut en dus onaantasbaar is), word beklemtoon. Wiechers meen dat hierdie benadering eintlik nie die begrip en die funksionering van menseregte bevorder nie (Wiechers, 1981:45).

- Die vyfde model poog nie om 'n teologiese basis vir die erkenning van menseregte te bied nie, maar poog eerder om die grondslag van Christelike betrokkenheid by menseregte te vind. Die bevrydende geregtigheid van God word as uitgangspunt gebruik om dié eise wat ook as kriteria vir mensgemaakte wetgewing en regspraktyk behoort te geld, te definieer.

Wiechers maak 'n onderskeid tussen die wêreldlike koninkryk en die koninkryk van God wat deur geloof in Christus bekom word en sowel in die temporele wêreld leef en dit transendeer (1981:45-46). Burgers van God se koninkryk word uit die vorige corruptio totalis tot vrye menslike wesens verhef. Hy verbind die sentrale liefdesgebod met die plig van vrygemaakte mense om in die tydelike werklikheid aktief doenig te wees en om wêreldlike pogings vir die beskerming en bevordering van menseregte te ondersteun. Hy kom tot die volgende slotsom (1981:46):

> In defending human rights the Christian and his church are not defending external truths in the Christian sense. They are extolling the glory of an almighty, eternal and loving God.

Aanvullend by Wiechers se beskouing omtrent die taak van Christene in die temporele wêreld moet ook verwys word na die standpunt van J.H. van Rooyen dat die mens na die beeld van God geskep is (Van Rooyen, 1981:1-17). Die sondeval het nie meegebring dat die beeld totaal verval het nie; in elke mens - ook in die oortreder van veiligheidswetgewing - is daar nog steeds iets van die imago Dei teenwoordig. So vermeld Stoker dat die sondige mens (homo peccator) - ondanks die sondeval - tog nog steeds beelddraer is, aangesien elke mens volgens die orde van die Skepping as mens kind van God is (Stoker, 1967: 83-111). Dit impliseer dat aangesien die fundamentele regte van die mens op sy

geskapenheid na die imago Dei berus, die inhoud van daardie fundamentele regte ook met die imago Dei moet ooreenstem.

## 5. NUWE KERKLIKE STANDPUNTE OOR MENSEREGTE

### 5.1 Etici

W. D. Jonker wys daarop dat die tradisionele Afrikaanse kerklike afkeer van menseregte twee grondslae het: (Jonker, 1984:47-59)

- die vereenselwiging daarvan met die VVO, die WRK en met die wêreldwye veldtog teen apartheid (1984:47)
- die teologiese verwerping van dié humanistiese liberale verskynsel van die Verligting (1984:47-48).

Hy maak die belangrike punt dat daar onderskei moet word tussen

- die regmatige saak waarom dit gaan
- die verkeerde wyse waarop dié saak in die verlede onder die vaandel van menseregte gehanteer en gemotiveer is (1984:48-49).

Die regmatige saak waarom dit gaan, is die waardigheid van die mens. Hy verwerp die bestaan van 'n nie-rasioneel bedenkte waardigheid asook die konsep van natuurlike regte, en vervolg

> maar die Bybel weet wel van 'n onberekenbaar hoë waarde wat God aan die mens toeken, deurdat God die mens geskape het met 'n

> bepaalde roeping en bestemming en verantwoordelikheid wat nie misken mag word nie. (1984:52)

Daarmee saam hang die imago Dei-beeld : (1984:53).

> Die mens, ook die gevalle mens, word nog deur God behandel as die beeld van God, dit wil sê word nog gebind aan die bedoeling van God met hom en verantwoordelik gehou vir die mandaat wat God hom met die Skepping meegegee het ...... Omdat die mens - alle mense - na die beeld van God geskape is, mag ons geen enkele mens verag of as minderwaardig beskou nie.

Ten aansien van die bekende strydvraag of die mense regte of slegs voorregte het, verklaar Jonker dat die mens van God slegs voorregte ontvang het, en dat daardie voorregte op die horisontale vlak aspekte is waarop hyself en in sy verhouding tot sy medemens reg het (1984:53).

Hy verbind die erkenning van menswaardigheid met die sentrale liefdesgebod :

> Wanneer die naaste volgens Gods gebod reg het op ons liefde, beteken dit dat hy reg daarop het om deur ons versorg, beskerm en gehelp te word om tot sy volle menslikheid te kom (1984:54).

Laastens bespreek hy die vraag of die resultaat van onder andere die klassieke menseregteorie verwerp behoort te word weens die foutiewe begronding daarvan (1984:55-57). Volgens die Gereformeerde tradisie word die bestaan van die algemene genade en die algemene openbaring van God erken; daardeur

> (word) dit moontlik ... dat daar ook buite die ligkring van die besondere openbaring kennis van goed en kwaad kan bestaan,

en gevolglik kan dit gebeur dat Christene en nie-Christene ten aansien van redelike vrae (en dus ook ten aansien van menseregte) tot dieselfde antwoorde - en dus tot dieselfde konkrete vergestaltings daarvan in die praktyk - kan kom (1984:56).

Volgens D. A. du Toit gaan dit by die behandeling van menseregte om die fundamentele vrae na geregtigheid, menswaardigheid en vryheid. (Du Toit, 1984:64) Hy stel hom op die standpunt dat

> omdat die mens deur God gehandhaaf is, is ons ook verplig om ons naaste se moontlikhede as onvervreembare regte te handhaaf al het ons ook geen grond in onsself of geen regte teenoor God nie (1984:66).

Menswaardigheid berus eerstens uitsluitend op die waarde wat die mens voor God het (1984:67). Dit behels tweedens die skenk van lewensmiddele en -ruimte deur God en derdens dat aangesien God in die laaste instansie reg op die mens het, geen ander instansie of mens ooit in finale instansie reg op die mens het nie (1984:67-68).

Vierdens is die mens met 'n bepaalde doel en bestemming geskape waarvoor die mens met 'n struktuur en met vermoëns en eienskappe bedeel is (1984:68):

- die mens as "God se mens"
- die mens as medemens
- die mens as skepper in sy kultuuropdrag (1984:72).

Ten slotte beklemtoon hy die onverdeelbaarheid van die mens en dus ook van sy regte. (1984:73)

Die doel van menseregte word deur dié twee etici soos volg verwoord:

> Die konsep van menseregte is 'n soort ideaal wat wel verwoord dat alle mense uiteindelik soos mense sal kan lewe. En watter Christen kan dáárteen wees? (Jonker, 1984:58).

> Die kern van die saak waarom dit in menseregte gaan, het werklik ook te maak met die hart van die Evangelie en daarom met die ganse teologie en met die ganse openbaring: ..... God wil deur sy Gees

'n nuwe mensheid vorm wat op weg na Sy Koningkryk steeds méér sal beantwoord aan die roeping van die mens, aan die struktuurmoontlikhede wat hy geskape het, aan die beeld van God wat bowenal in Christus aan ons getoon is (Du Toit, 1984:73).

## 5.2 Gereformeerde Ekumeniese Sinode (Chicago 1984)

### 5.2.1 Agtergrond

Die Gereformeerde Ekumeniese Sinode (GES) te Kaapstad (1976) het 'n studiekomitee met as opdrag The Church and its Social Calling aangestel.[25] Die GES te Nimes (1980) het vervolgens 'n internasionale studiekomitee aangestel om 'n Bybels-histories-kontekstuele studie van menseregte te maak.

### 5.2.2 RES Testimony on Human Rights

Diè studiekomitee het in die RES Testimony on Human Rights die Bybelse opdrag van getuie- en priesterwees as sentrale uitgangspunt aanvaar (Reformed Ecumenical Synod (RES) 1984:146-147):

> A faithful and loving pursuit of human rights is a crucial way of execising our prophetic - priestly - kingly office......We offer ourselves as willing agents of reconciliation on behalf of multitudes of suffering people

---

[25] GES: Gereformeerde Ekumeniese Sinode (Engels: RES: Reformed Ecumenical Synod)

en wel in die konteks van die Bybelse beskouing van menseregte. In hierdie studiekomitee het sowel die NG Kerk as die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika sitting gehad.

### 5.2.3 A Call to Commitment and Action[26]

Die aanbeveling van die Studiekomitee met as titel : **A Call to Commitment and Action** is eenparig op die Chicago(1984)-byeenkoms deur al die lidkerke van die GES aanvaar. Belangrike aspekte wat na vore kom, is:

(a) Fundamentele Bybelse perspektiewe wat die aanbeveling onderlê, is

- die **imago Dei**-benadering wat neerslag in Godgegewe menseregte vind
- aangesien die volle lewe van 'n Christen in diens van God staan, is gemeenskapsake wat op sigself menslike aangeleenthede is, dus noodwendigerwys 'n menseregaangeleentheid wat op sy beurt weer ten diepste 'n religieuse aangeleentheid is
- 'n getroue en liefdevolle nastrewing van menseregte is 'n wesenlike wyse van uitlewing van die profeet-priester-koningsamp wat die gelowige beklee
- nieteenstaande die mens se ongehoorsaamheid is die mens ten volle gebonde om opreg na God se Woord te lewe, en dienooreenkomstig met ons medemens te leef
- Christene moet versoening bewerkstellig

---

[26] Soos weergegee in Reformed Ecumenical Synod, 1984: 146-149.

- Christene moet in die lig van die Koninkryksvisie by wyse van spreke padwysers vir die komende Koninkryk van geregtigheid en vrede oprig

- Verbondenheid of geloofsbetrokkenheid (commitment) is 'n basiese aspek van die Bybelse boodskap, en getuienis daaromtrent vorm 'n kernmoment van die Kerk se opdrag, en

- Christene moet self voortdurende hervorming ervaar en moet as hervormingsinvloed in die samelewing optree.

(b) 'n Bevestiging van die Skriftuurlike begronding van menseregte(Reformed Ecumenical Synod 1984: 150)

> .... We affirm with heart and mouth the universal legitimacy of human rights as the God-given freedom and responsibility of all people to exercise faithfully the multifacetted office to which we believers are all called as covenant partners and kingdom citizens in our various life-relationships and within the several spheres of societal life.

(c) 'n Verklaring van verbondenheid met die nastrewing, implementering en beskerming van die volgende 12 vergestaltings van menseregte(Reformed Ecumenical Synod, 1984: 151-152)

- die reg op lewe

- die reg op basiese lewensbehoeftes

- die reg op huweliksluiting en 'n gesinslewe

- die reg op vryheid van aanbidding

- die reg op godsdienstige vryheid

- die reg op arbeid

- die reg op vryheid van assosiasie

- die reg van alle burgers om op verantwoordelike wyse aan die sentrale politieke proses deel te neem

- die reg op vryheid van keuse van onderwys

- die reg op vryheid van alle vorme van diskriminasie

- die reg op 'n gelyke (evenhanded) administrasie van openbare geregtigheid

- die reg op 'n billike aandeel in die ryk bronne wat die Skepping ons bied.

## 6. SAMEVATTING

Die ondersoek het aangetoon dat daar in die moderne nie-Christelike menseregtegesprek drie aantoonbare strominge is:

- die individuele of vryheidsregte van die klassiek-liberale tradisie met sy beklemtoning van die outonomie van die individu (wat deesdae soms deur duidelik uitgespelde beperkings gerelativeer word)

- die sosiale, gelykheids- of kollektivistiese regte van die sosialistiese state wat nagestreef word met die oog op die daarstelling van die Kommunistiese eindfase, en waarin die staatlike openbare belang voorop staan

- die voortbestaan- en selfbeskikkingsregte van die Derde Wêreldstate.

Kritiek in Suid-Afrika teen menseregte figureer hoofsaaklik op ses vlakke en is veral teen die individuele of vryheidsregte van die Westerse klassiek-liberale tradisie gerig:

1. Die eerste vlak van kritiek is 'n emosionele reaksie teen aanvalle deur die buiteland op grond van beweerde menseregskendings in Suid-Afrika. Hiervolgens bestaan daar nie iets soos menseregte nie.

2. Die tweede vlak van kritiek is gebaseer op 'n utilitaristiese beskouing van wat nuttig is vir die huidige politieke maghebbendes. Die benadering vereis die voortsetting van die status quo ten aansien van menseregte.

3. Die derde vlak van kritiek is dat menseregte vaag, inhoudsloos, dubbelsinnig, a-juridies, eensydig en absoluut sou wees. Soos reeds aangetoon, word die beginsel van relativisme al reeds etlike jare aanvaar, en is die ander besware ewe geldend vir enige ander regsbegrip wat per definisie non-eksak is. Hierdie benadering vertoon ten minste 'n analogie met die Positivisme wat die sigbaar-waarneembare tot enigste primaat verhef.

4. Die vierde vlak van kritiek is dat menseregte reeds voldoende beskerm word by wyse van gemeenregtelike en statutêre bepalings. Die benadering neem nie kennis van die ingrypende aantastings (by wyse van veral statutêre bepalings) van menseregte in Suid-Afrika nie.

5. Die vyfde vlak van kritiek hang saam met 'n besondere staatsbeskouing wat die staatlike verband tot primus super impares verhoog.

6. Die sesde vlak van kritiek gaan uit van die standpunt dat

- menseregte per se nie teologies begrondbaar is nie; en/of

- dat weens die feit dat die aanvanklike teoretiese verklarings en die praktiese vergestalting daarvan op vreemde denkbeelde berus het, daar van meet af radikaal nuwe formulerings van die vergestaltings gesoek moet word. Hierdie benadering hou egter nie voldoende met die algemene genade en die algemene openbaring rekening nie.

Daar is ook aangetoon dat daar tans 'n oplewing in die Gereformeerde literatuur oor menseregte is. Die konsepte van imago Dei, die menswaardigheid van die skepsel, die geregtigheidseis, die sentrale liefdesgebod, die getuiewees en die medewerker vir die komende Koninkryk vorm sentrale temas in hierdie nuwe Bybelse perspektief op menseregte.

## 7. ENKELE BUITELYNE VIR DIE VERDERE ONTWIKKELING VAN DIE SKRIFGEDUNDEERDE MENSEREGTEBESKOUING

In 'n gees van openhartige gespreksvoering en diepgaande selfondersoek moet daar 'n fundamentele herbesinning plaasvind oor die

- aard en funksie van die staatlike owerheid
- die redes wat aangevoer word vir die staatlike nie-erkenning van menseregte
- die status quo in Suid-Afrika; en
- die invloed wat die (onlangse) wesenlike standpuntwysigings met betrekking tot menseregte in die Reformatoriese kerkgemeenskap in die harte van lidmate en op individuele en owerheidsoptredes kan en behoort te hê.

Daarbenewens moet daar altyd in gedagte gehou word dat ons op weg is na die koms van die Koninkryk, en dat hierin nie net kerklike instellings voortdurend aan hervorming blootgestel moet word nie, maar ook die staat, sy instellings en sy optrede:

Reformata semper reformanda est

beteken immers

non solum ecclesia sed etiam civitas semper reformanda est.

BRONNELYS


COETSEE, H.J. 1984. Waarom nie 'n verklaring van Menseregte nie. TRW, 9(1):5-13.

DE VILLIERS, E. 1984. Die Geskiedenis van Menseregte. (In Du Toit, D.A. (red) Menseregte. Kaapstad : Tafelberg p. 9-38)

DOOYEWEERD, H. 1979. Roots of Western Culture. Pagan, Secular and Christian Options. Toronto : Wedge

DOOYEWEERD, H. 1975. The Christian Idea of the State. Craig : Nutley.

DU PLESSIS, L.M. 1979. Die juridiese relevansie van Christelike geregtigheid. (Ongepubliseerde proefskrif, P.U. vir C.H.O.) Potchefstroom

DU TOIT, D.A. (red). 1984. Menseregte. Kaapstad : Tafelberg.

DU TOIT, D.A. 1984. Teologie, kerk en menseregte (In Du Toit, D.A. (red). Menseregte. Kaapstad : Tafelberg. p. 47-59.)

ERMACORA, F. 1979. The System of the Protection of Human Rights within the Framework of the Council of Europe (In Forsyth, C.F. en J.E. Schiller (red). Human Rights : the Cape Town Conference. Kaapstad : Juta. p. 236-247).

HOMMES, H.J. van Eikema. 1972. Elementaire Grondbegrippen der Rechtswetenschap. Deventer : Kluver.

JONKER, W.D. 1984. Christelike geloof en menseregte. (In Du Toit, D.A. (red). Menseregte Kaapstad : Tafelberg. p. 47-59.)

OLIVIER, N.J.J. 1981. Inperkingsbevele. Koers, 46(3):269-292.

REFORMED ECUMENICAL SYNOD (RES). 1984. RES Testimony on Human Rights. Grand Rapids : RES. p. 146-147.

ROBINSON, J.A. 1983. Menseregte, militêre diensplig en geloofsbeswaardes. Woord en Daad, 23(256):12-13.

ROBINSON, J.A. Menseregte, militêre diensplig en geloofsbeswaardes. 1984. THRHR, 47:210-212.

SANDERS, A.J.G.M. 1971. Die 'rule of law' - 'n gemeenskaplike Westerse gedragskode. THRHR, 34 : 164-174.

STOKER, H.G. 1965. 'n Kursoriese Besinning oor 'Menseregte'. Bulletin van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van Christelike Wetenskap, 1(1):131.

STRAUSS, D.F.M. 1976. Koningsmense en beskawingsongelykes: 'n herwaardering van menseregte. TRW, 1(1):165.

TWEEDE VERSLAG VAN DIE GRONDWETLIKE KOMITEE VAN DIE PRESIDENTSRAAD OOR DIE AANPASSING VAN GRONDWETLIKE STRUKTURE IN SUID-AFRIKA. P.R. Verslag 4 van 1982. Kaapstad : Staatsdrukker

VAN DER VYVER, J.D. 1973. Die Juridiese Sin van die leerstuk van Menseregte. (Ongepubliseerde LL.D.-proefskrif Universiteit van Pretoria) Pretoria

VAN DER VYVER, J.D. 1975. Die Beskerming van Menseregte in Suid-Afrika. Kaapstad : Juta

VAN DER VYVER, J.D. 1976. Seven Lectures on Human Rights. Kaapstad : Juta

VAN DER VYVER, J.D. 1979. The Concept of Human Rights : It's History, Contents and Meaning. (In Forsyth, C.F. en J.E. Schiller (red.). Human Rights : The Cape Town Conference. Kaapstad : Juta. p.10-32.)

VAN DER VYVER, J.D. 1983. The Bill-of-Rights Issue. Lawyers for Human Rights 1 : 68-76.

VAN DER VYVER, J.D. 1984. Menseregte in perspektief. Woord en Daad, 24(259) : 12-13.

VAN DER VYVER, J.D. 1985. The Bill-of-Rights Issue. TRW, 10(1):1.

VAN DER WALT, B.J. 1983. Die Staat in die lig van die Bybel. Potchefstroom : IRS

VAN ROOYEN, J.H. 1981. Aspekte van reg en geregtigheid met betrekking tot gevangenes. THRHR, 44:1-17.

VENTER, F. 1973. The withering of the 'Rule of law'. Speculum Iuris, 8 : 69-88.

VENTER, F. 1984. Menseregteperspektief in perspektief. Woord en Daad, 24(262) : 13-14

WIECHERS, M. 1981. Towards a Biblical view of human rights. (In Reformed Ecumenical Synod (RES). Church and Nation. Theological Conference Papers. Grand Rapids : RES.)